

Maandag 23 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 2:36-38

Fokusgedeelte: Lukas 2:38

'n Onverwagse ontmoeting met die langverwagte Koning

In die gedeelte wat ons gelees het, ontmoet ons 'n persoon wat ons nie in hierdie tyd of omstandighede sou verwag het nie. 'n Mens kan dit sommer 'n vreemde verskynsel noem. 'n Profetes van gevorderde ouderdom met die naam Anna. Anna is een van vyf (egte) profetesse wat in die Bybel genoem word, 'n buitengewone verskynsel.

Daarby was sy seker een van die min Israëliete wat haarself kon vereenselwig het met die stam Aser. Aser is een van die sogenaamde verlore stamme van Israel. Nadat Israel verower is deur die Assiriërs, het die onderskeid tussen die stamme basies opgehou.

In sy vertelling van die evangelie hou Lukas daarvan om op mense en hulle reaksie op Christus te fokus. So kry ons dan vir die vreemde Anna, wat 'n uiterste unieke persoon was, se reaksie op Christus. Dan sien ons nie vir Anna in die lig van haar eie omstandighede en haar eie geskiedenis nie. Ons sien vir Anna in die lig van die hoop wat sy nog al die jare gekoester het. Terwyl hierdie 'n onverwagse ontmoeting was vanuit ons menslike oogpunt, het Anna al baie jare uitgesien om die Here te ontmoet.

Die Here het Anna se lewe so ingerig dat haar hoop op Christus bevestig sou word. So is die Here ook besig met elkeen van ons in ons eie unieke omstandighede. Ons elkeen sit met ons eie stories en met ons eie lewenspad. Tog is ons verenig met die hoop op die verlossing en met die oë gerig op ons langverwagte Koning, Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 7-2:1-2

Ds. Z van't Zand (Zander) (Middelburg-Noord)